Ons weet nie of hierdie plek die werklike plek van die kruisiging, begrafnis en opstanding van Jesus was nie, maar die tuin met die graf en die wynpers voldoen aan die besonderhede soos beskryf in die vier Evangelies. Dit kan baie mense help om die wonderlike gebeurtenisse wat gedurende daardie paasnaweek plaasgevind het, te visualiseer.

"Toe se die engel vir die vroue: 'Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want hy is uit die dood opgewek, soos hy gesê het'"(Matteus 28:5-6).

Ons kan debateer oor die plek waar dit alles gebeur het, maar ons het geen twyfel dat "op grond van Sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die seun van God wat met meer mag bekleë is, Jesus Christus ons Here"(Romeine 1:4).

Jesus het self gesê: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?"(Johannes 11:25,26)


THE GARDEN TOMB Jerusalem

**Ons vra geen toegangsgeld vir die Tuin nie. Die tuin word in stand gehou deur die vrywillige bydraes van besoekers.**

Die "Garden Tomb(Jerusalem) Association England" is in 1893 gestig met die doel om die Graf en die Tuin wat buite die stadsmure van Jerusalem geleë is, te bewaar. Daar word algemeen geglo dat dit die graf en die tuin van Josef van Arimitea is.

P.O. Box 19462, Jerusalem, Israel 91193

www.gardentomb.com mail@gardentomb.com




*U word vriendelik welkom geheet in die*

# TUINGRAF



Hierdie tuin word met sorg bewaar as 'n plek van aanbidding vir Christene. Dit word deur baie mense aanvaar dat dit die tuin van Josef van Arimitea is, waar Jesus begrawe is na die kruisiging. Die tuin word onderhou deur 'n onafhanklike Britse trust "The Garden Tomb Association". U is welkom om die tuin te besigtig en die geestelike betekenis daarvan te ervaar.

*As daar enige vrae is, sal lede van die personeel wat naamplaatjies dra u graag help.*

**Begin u toer deur regs te draai en die wandelpad te volg wat "Skull Hill" gemerk is.**


**W**anneer jy op die platform staan, aan die verste end van die wandelpad, sal jy voor jou 'n busstasie sien. Aan die linkerkant sien jy 'n rotsformasie wat soos 'n kopbeenskedel lyk. Aan die regterkant sien jy die noordelike mure van die Ou Stad. Die area waar die busstasie is, was volgens tradisie 'n steengroef wat deur die Jode gebruik was as 'n stenigingsplek, en daarna deur die Romeine as 'n kruisigingsplek.

Kruisigings het gewoonlik plaasgevind naby besige paaie as 'n afskrikmiddel vir opstandige Jode. Die hoofpaaie na Damaskus en Jerigo het juis verby hierdie steengroef gegaan. In die Bybel lees ons dat hulle Jesus na die kopbeenplek geneem het, wat ook Golgota(Aramees) of Calvary(Latyn) genoem word. Hier was hy gekruisig saam met twee ander rowers.


*Die kopbeenrots*

Daar kan nie met sekerheid aanvaar word dat dit die werklike plek is nie, maar die geestelike betekenis daarvan is van meer waarde as die spesifieke plek. Die kruisiging en opstanding was deel van God se verlossingsplan om vergiffenis vir ons te bring. Ons lees in die Bybel dat Hy self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra het (1 Petrus 2:24) asook dat Hy eenmaal vir ons sondes gely het (1 Petrus 3:18).

Die tradisionele plek vir hierdie wonderbaarlike gebeurtenis is die "Church of the Holy Sepulchre" wat nou binne die mure van die Ou Stad val. Dit is bepaal gedurende die 4de eeu gedurende die heerskappy van Keiser Konstantyn. Vir meer as 200 jaar is die juistheid hiervan bevraagteken. Generaal Charles Gordon was die eerste persoon wat beweer het dat die steengroef, wat nou 'n busstasie is, die waarskynlike plek is waar die kruisiging plaasgevind het. Alhoewel 'n mens dit nie kan verseker nie, is dit tog interessant om die kopbeen in die rotswand aan u linkerkant op te merk wat daartoe aanleiding gegee het dat die plek kopbeenskedel genoem word. Die foto gemonteer op die platform wys hoe die menslike kopbeen gelyk het gedurende die laat 19de eeu.


*Die reënwatertenk*

In die Bybel (Johannes 19:41) lees ons: "By die plek waar Jesus gekruisig is, was daar 'n tuin en in die tuin 'n nuwe graf waarin daar nog niemand begrawe was nie". Die tuin het behoort aan Josef van Arimatea wat 'n geheime bewonderaar van Jesus was. Hy het toestemming van Pilatus gekry om Jesus in die nabygeleë graf te begrawe voordat die Joodse sabbat begin.

Stap nou terug vanaf die platform by "Skull Hill", draai regs by die teken wat die rigting van die graf aandui. 'n Entjie verder sal jy 'n foto van 'n ondergrondse reënwatertenk sien. Jy staan nou bokant een van Jerusalem se grootste ondergrondse reënwatertenks (cistern), wat meer as 200,000 UK gellings (900,000 liters) bevat. Daar word geglo dat dit dateer uit 'n vorige Christelike tydperk en dat die water daarvan gebruik was om wingerde in 'n landboutuin te besproei. Aan die onderkant van die sistern net voor die winkel sal u 'n goedbewaarde outentieke wynpers sien. Dit is opgegrawe in 1924 en is een van die grootstes wat nog in Israel gevind is. Die ontdekking hiervan kan daarop dui dat die tuin oorspronklik 'n groot wingerd was en waarskynlik aan Josef van Arimatea behoort het.


*Die antieke wynpers*

**Wanneer u met die trappe afgaan na die rotsvloer voor die graf wees asseblief baie versigtig omdat die vloer ongelyk en rof is.**

**Hier bereik u die hoogtepunt van die tuinroete.**


*Die uitgekapte graf*

Die graf is opgegrawe gedurende 1867. Die ingang is ongelukkig deur 'n aardbewing beskadig en later herstel met klipstene. Alhoewel die werklike datum van die graf bevraagteken word, is daar merkwaardige bewyse in die Bybel dat dit tog die graf van Jesus kon wees. Voorbeelde hiervan in die Bybel is:

Dit is uit soliede rots gekap en was nie 'n natuurlike grot nie (Matteus 27:60).

Dit was verseël met 'n groot ronde klip, soos aangedui deur die groef voor die ingang van die graf (Matteus 27:60).

Binnekant in die treurkamer was daar plek vir 'n groot aantal roubeklaers (Lukas 24:1-3,10).

Die bestaan van 'n eie graf asook die ondergrondse reënwatertenk(cistern) en die wynpers dui op die rykdom van 'n vermoënde man soos Josef van Arimitea. Verder ook is die plek waar die liggaam van Jesus gelê het aan die regterkant van die graf (Markus 16:5) en is sigbaar vanaf die buitekant (Johannes 20:5).

Gedurende die Bisantynse- en Kruisvaardersperiodes was die graf waarskynlik gebruik as 'n plek van aanbidding deur Christene. Daar is aanduidings van 'n kerkstruktuur sowel as twee kruise waarvan een binne die graf is.